AGRI NW

11 Januarie 2024

## MEDIAVERKLARING:

## DIE WERKLIKE VERHAAL VAN RASTA – 'n LES VIR ALMAL TE LEER!

Die verhaal van Rasta Kenosi se bedrywighede is wyd en suid verkondig en bespreek. Somtyds deur mense wat nie die volle verhaal ken nie en somtyds ook opportunisties deur sommige mense gebruik is wat maar net in die kollig wil wees.

Daar is wel waardevolle lesse te leer maar ook groot gevaarligte wat flikker indien meer feite oor die saak openbaar word. Daarom gee ons graag die volgende feite:

Die misdaad situasie in die Ganyesa gebied, is reeds vir etlike jare en baie verder terug as 2022 onder die aandag van die plaaslike SAPD, later aan die Provinsiale SAPD en uiteindelik ook die Nasionale SAPD gebring. Telkemale is daar met groot fanfare vergaderings gehou, taakspanne gevorm en mooi beloftes gemaak. Ongelukkig was byna elkeen van hierdie pogings net leë beloftes van die SAPD en was daar geen blywende of noemenswaardige resultate met ondersoekwerk behaal nie.

Na die duidelike mislukking hiervan het Agri NW, onder die vaandel van die Nasionale Vervolgings Gesag se Gemeenskap Uitreikings Program, met groot ondersteuning van hul senior personeel, 'n werkgroep gestig. Die fokus van hierdie groep was weereens om die georganiseerde misdaad in daardie gebied en die lank reeds bekende kriminele leiers te laat vervolg. Aanvanklik het almal, selfs die SAPD daaraan deelgeneem, maar soos nou reeds so goed bekend, het die groep momentum verloor as gevolg van die gebrek aan voortgesette deelname van die SAPD.

Alhoewel ons erkenning gee vir die huidige suksesse wat SAPD se ondersoekspan behaal, is dit kommerwekkend dat hierdie tipe roetine werk, deur meestal dieselfde SAPD lede, eers gedoen word na baie skade en groot negatiewe media blootstelling en openbare druk. Ons aandrang en versoek is dat daar ook daadwerklike en sinvolle stappe geneem sal word teen diegene wat hierdie situasie help veroorsaak het met moedswilligheid, luiheid, onbekwaamheid en aandadige optrede deur selfs regsverydeling of 'n kombinasie daarvan.

Wat sal gebeur indien die vlak van SAPD dienslewering in hierdie gebied nie herstel word tot op 'n aanvaarbare standaard deur ingrypende en toepaslike regstelling nie. Die vertroue en samewerking van die gemeenskap sal nie herwin kan word indien dit nie plaasvind nie en misdaad sal voortduur by gebrek aan effektiewe polisiëring. Dit kan katastrofiese gevolge inhou wat lewensverlies insluit.

Agri NW wil ook sy opregte dank oordra aan elke boer wat deurentyd tydens die uitdagings beginselvas, gedetermineerd en effektief weerstand gebied het en self verantwoordelikheid geneem het vir sy eie veiligheid en vir die van sy omgewing. Ons harte gaan ook uit na diegene wat baie skade gelei het met veediefstal, wildstropery, diefstal en moedswillige beskadiging van heinings en selfs ook hul eiendom verloor het.

Dit is laastens kommerwekkend dat daar steeds diegene in ons geledere  is wat glo dat hulle alleen, as individue, die groot aanslag op ons eiendomsreg en ons voortbestaan kan hanteer, ten spyte van Ganyesa se Rasta verhaal. Want, elke omgewing het ongelukkig sy “Rasta“!

**Navrae:**


Boeta du Toit
**Uitvoerende Hoofbestuurder, Agri NW**
**082 388 1722**

Naudé Pienaar
**Adjunk-Hoofbestuurder, Agri NW**
**082 776 8283**

Sarel Pretorius
**Voorsitter:  Landelike Veiligheid, Agri NW**
**082 375 4197**